



BRAUNVIEH SA

Posbus/PO Box 7864 / 506 • Bloemfontein 9300 • Suid-Afrika/South Africa
Tel: 051 410 0950 • Faks/Fax: 051 448 4220

29 Maart 2010

Geagte Braunviehteler,

1. INLEIDING

Ons het asem opgehou met al die voorspellings dat hierdie seisoen 'n Elnino seisoen gaan wees met min reën en erge droogtes. Ons Hemelse Vader het oor die grootste gedeeltes in ons land egter milde reën gegee en is baie van ons dankbaar vir die goeie seisoen wat ons vanjaar beleef in die landbou. Ons vertrou dat daar spoedig reën ook oor die droogte geteisterde gebiede sal val.

Ons het reeds vanjaar twee raadsvergaderings gehad en 'n baie geslaagde beoordelaars-konferensie is deur Hans Bester op Sussiesdeel in die omgewing van Vrede aangebied.

2. BOODSKAP VAN DIE VOORSITTER

Daar het verskeie nuwe lede by die Braunvieh genootskap aangesluit. Baie welkom aan menere J Henning en M Zilimbola wat aangesluit het. Sukses met u boerdery en ons hoop dat die Braunvieh vir julle baie vreugde en voorspoed sal bring.

Tydens die verslag van die LNR oor die Braunvieh, het dit weereens duidelik geword dat daar steeds lede is wat nie alle geboortes aanmeld by stamboek nie asook dat geboorte gewigte, speengewigte en jaaroud gewigte nie ingestuur word nie.

As ons ernstig is met die Braunvieh, is dit belangrik dat ons wanneer 'n koei gekalf het, die **koei** sowel as die **kalf** se gewigte in stuur. Ons moet probeer om ons kalwers met **spen ouderdom** te weeg en die gewigte na die kantoor te stuur asook die **jaaroud** gewigte. Selfs wanneer 'n koei te vroeg kalf of wanneer die kalf dood is met geboorte moet sodanige geboortes aangemeld word.

Wanneer ons werklik konsekwent **weeg en meet** en die rekords op datum hou sal dit ons in staat stel om die swak presteerders te slag en die top presteerders te selekteer en sodoende die Braunvieh na nog hoër hoogtes te neem. Die beesrasse waarvan goeie rekords gehou word presteer en telers kry meer in die sak want die rekords en goeie resultate en prestasies het 'n direkte verband met die pryse wat die telers vir hulle diere kry. Geen ernstige boer koop vandag meer 'n bul wat nie 'n bewese bloedlyn en prestasie rekord het nie.

Kom ons maak seker dat elke geboorte gerapporteer word maar dat elke koei met na die geboorte van die kalf asook die kalf by geboorte, met spen en op jaar ouderdom geweeg word sodat die statistieke en TKP's van ons ras se korrekheidsvlak kan verhoog.

Die Braunvieh is juis 'n beesras wat bekend is vir sy **vrugbaarheid, langlewendheid, rustige temperament, voldoende melk en vleis, sy stapvermoë, goeie bespierung en vinnige groei**. Dit moet juis ons strewe wees om voort te bou op **die goeie eienskappe** en diere wat nie na wense presteer nie of wat nie by die Braunvieh profiel pas nie, uit te skakel en hulle liever te slag as om sodanige diere te verkoop en sodoende ons ras skade aan te doen.

Baie nuwe telers skakel gereeld die kantoor op soek na Braunviehkoeie en bulle. Indien u dus beeste het

wat u wil verkoop, laat weet die kantoor. So kan u ook die kantoor skakel om uit te vind wie Braunvieh soek.

Die afgelope vier jaar het ons goeie bulle op die Vryburg skou tydens die skouveiling verkoop. Daar het nou reeds verskeie beesboere navraag gedoen om te hoor of daar nie weer bulle tydens die veiling verkoop gaan word nie. Verskeie van die beesboere wat bulle en vroulike diere op die veiling gekoop het, het die kantoor en van die raadslede meegedeel dat hulle baie gelukkig is met die Braunvieh en dat hulle beslis meer Braunviehbulle in hulle teelprogramme gaan gebruik. Kwaliteit vang die oog en verkoop homself.

Onthou dit is u genootskap. Gebruik die Braunvieh genootskap en benut u raadslede om dit vir u makliker en beter te maak as Braunviehteler. Praat as iets u pla en as u 'n goeie gedagte het praat en lewer u insette. Saam kan ons die hoogste hoogtes bereik. Sukses met u boerdery.

3. VRYBURG SKOU

Die Vryburg skou vind vanjaar plaas van **Woensdag 5 tot Vrydag 7 Mei 2010** plaas. **Die beoordeling begin op Woensdagoggend 5 Mei 2010 om 08:00**. Ons hou vanjaar ons algemene jaarvergadering op die skougronde in die **Piet Theron gebou**. Die vergadering begin om **18:00** en behoort om 20:00 afgehandel te wees. Onthou daar word weer vanjaar 'n nuwe raad verkies tydens die vergadering. Ons nooi al die Braunvieh telers en belangstellendes uit om die dag saam met ons mee te maak en saam lekker te kuier. Ons slaan ook weer 'n tent op by ons stalle by die Piet Theron gebou waar ons na die vergadering asook die Donderdagaan almal lekker saam gaan kuier en 'n vleisie op die kole gaan sit.

Daar is sewe Braunviehtelers wat vanjaar op Vryburg Braunvieh gaan vertoon en hulle het bykans 60 beeste vir die skou ingeskryf. Daar gaan ook verskeie van die diere tydens die skouveiling op Vrydag 7 Mei 2010 verkoop word.

Die persone wat op Vryburg gaan skou het vanjaar vir **Willem Pretorius en Chris Goosen** aangewys om die beoordeling op Vryburg te behartig. Hulle is beide kundige interras beoordelaars en hulle het beide die Braunvieh beoordelaarskonferensie bygewoon.

4. SKOUE NUUS

Die raad het besluit om voortaan lede wie op ander skoue in die land hulle Braunvieh gaan uitstal, te help deur tot **vier diere** se skou **inskrywingsfooie** te betaal. Die Vryburg en Pretoria skoue word by die reëling uitgesluit. Die raad wil graag so erkenning gee aan lede wat die ras so bevorder en moedig lede dan aan om die Braunvieh so te promoveer. Bepaalde skoue is aan raadslede toegewys om lede aan te moedig om by die plekke Braunvieh te vertoon.

Christopher Havenga sal voortaan toesien dat daar Braunvieh op Bloemfontein vertoon word, Bennie Coetzer by die Royalskou op Pietermaritzburg, Kobus Bezuidenhout by die Boertjiefes op Bultfontein, Hans Bester sal die Standerton en Pretoria onder sy vlerk neem, Piet De Villiers sal die Braunvieh op die beesfees op Stella bevorder en Cois Harman sal toesien dat die Braunvieh op die Lichtenburg - en Thabazimbi skoue vertoon word.

5. INLIGTINGSDAE EN KURSUSSE

Daar word vanjaar die volgende Inligtingsdae/Boeredae/Opleidingskursusse aangebied:

- 5.1 Op **Vrydag 9 April 2010** word 'n Boeredag vir hoofsaaklik Ontwikkelende boere aangebied by Cois Harman op die plaas. Dit is op die plaas Welverdiend ongeveer 29 km Noordoos van Zeerust. Aanwysings sal vanaf Groot-Marico en Zeerust op die N4 aangebring word hoe om by die plaas uit te kom. 'n Verskeidenheid onderwerpe gaan hanteer word en verskeie demonstrasies word gedoen.

NWK Bpk gaan hulle voere en lekke bekendstel en Afrivet gaan die boere inlig oor al hulle dipstowwe en medikasie.

5.2 Op **Saterdag 10 April 2010** word al die Braunviehtelers en belangstellendes uitgenooi om opnuut te kyk na die Braunvies en om die ras krities onder oë te neem saam met **Rain Gerhard van die LNR** te Pretoria wat saam met ons die **LINIÈRE KLASSIFIKASIE - RIGLYNE EN STANDARDISASIE VIR VLEISBEESTE IN SUID AFRIKA** wat deur die LNR saamgestel is, deur te werk. Dit sal 'n praktiese werksessie wees en almal wat die dag bywoon sal beslis met nuwe oë na 'n bees kan kyk. **Bayer** sal tydens die dag die geleentheid kry om hulle nuutste produkte aan ons bekend te stel. Ons glo dat die dag beslis 'n baie positiewe invloed op ons kennis en die pad vorentoe met Braunviehteling sal hê. **Lede moet asseblief vir Cois Harman by sel: 083 265 6210 bel of sms voor 7 April 2010 om u teenwoordigheid te bevestig.**

5.3 Op **23 Julie 2010** word 'n **BEEFPRO kursus** vir al die belangstellende Braunviehtelers by stamboek aangebied deur **Bernard Burger** van die **LNR**. Skakel asseblief met die kantoor, **Marisa Nel** by **Tel: 051 4100 900** om u plek vir die kursus te bespreek.

5.4 Op **24 Julie 2010** word 'n boeredag by Kobus Bezuidenhout op die plaas aangebied in die Brantford omgewing.

6. INDELING VAN BRAUNVIEHTELERS BY RAADSLEDE

Die raad het besluit om al die lede by die raadslede in hulle streke in te deel met die doel dat die lede direk met 'n bepaalde raadslid kan skakel wanneer nodig en met die doel dat lede in 'n bepaalde streek ten minste een maal per jaar saam vergader of saam 'n boeredag/opleidingsessie aanbied.

1. COIS HARMAN	083 265 6219
2. Barrie Steyn	083 775 2229
3. Willem Minie	073 253 6934
4. Japie Dreyer	082 857 5302
5. Zili Braunvies Stud [Malungelo Zilimbola]	082 550 7990
6. J S Manyedi	083 314 8107
7. Z P Tolo [nuwe aansoek]	078 118 5773
8. HS Marks	082 388 2200
9. H L Oosthuizen	083 600 9943
10. Finial Farming [Marius Labuschagne]	083 299 0032
11. Marani-Ernst Fam [Marius Ernst]	082 743 4122
12. Ratshikana Stoeit [Benjamin Ratshikana]	083 777 3512

13. BENNIE COETZER	083 766 6557
14. Adeline Stoeit [Danie Fitzgerald]	072 211 5935
15. Bergland Koepel [Albie Botha]	082 487 2948
16. DUELER Stoeit [Patrick Fitzgerald]	082 445 4456

16. HANS BESTER	083 469 1258
17. PH Whethmar	082 558 3320
18. HJ Wessels	083 264 2199
19. J Henning Liberté Agri	084 514 6274
20. Weldef Braunvies [Dr. Naas Pienaar]	082 215 0285

21. CHRISTOPHER HAVENGA	082 821 1527
22. Bosdewiekop Boerdery [Abie De Villiers]	083 276 4720
23. Ben Spies Familie	082 896 1828

24. JD Havenga	082 578 5556
25. Shalom Braunvieh stoet Lalta Trust [Abie Rademeyer]	083 282 3996
26. J C V Erasmus	082 873 2647
27. Eduan Boerdery [Gawie Naude]	082 897 9555
28. JJH van Zyl	082 492 8123
29. SW Rossouw	082 312 7208
30. Kennelworth Boerdery [Philip Coreejas]	082-491 7402

31. KOBUS BEZUIDENHOUT	082 374 5022
32. JB Bornman	082 553 3889
33. Afreda Boerdery	082 928 3657
34. PR Wessels	083 264 2199
35. WP du Plessis	082 801 1854
36. CTN Swanepoel [Marius Swanepoel]	082 493 6271

37. PIET DE VILLIERS	082 670 6089
38. AC de Villiers Boerdery	082 670 6089
39. PDW & HB de Villiers	082 920 7309
40. CF Crafford & Seuns	082 418 0558
41. Kleinjan Gasekoma	082 212 2050 072 388 8107
42. Glen Oakes Farms [Charles Crowther]	082 883 0047
43. J & C Braunvieh [John Thornly]	082 321 8201
44. Jomandia Boerdery [Karsten Venter]	082 771 1211
45. Semex SA	021 905 0225
46. Witzenberg Properties [Pieter Graaff]	082 447 4375
47. Milbank Trust [Ben Mills]	082 806 8750

7. UITNODIGING BRAUNVIEH NAMIBIË

Die president en raad van die Braunviehtelersgenootskap van Namibië nooi u almal uit om vanjaar gedurende Oktober 2010 hul Nasionale skoukampioenskappe by te woon.

Die Raad van Braunvieh SA wil dan hiermee graag al die lede die geleentheid bied om saam te span om met een trok diere te neem om aan die kampioenskappe te gaan deelneem. Lede wat belangstel om aan die kampioenskappe te gaan deelneem moet met Christopher Havenga skakel sodat alle reëlings betyds getref kan word.

Verskeie lede van Braunvieh Namibië het dan ook verlede jaar hulle diere by ons Nasionale kampioenskappe kom vertoon en verskeie lede het lekker op Vryburg saam kom kuier.

8. GROETE

Hoop julle het almal 'n voortreflike jaar en dat ons u almal by die skou op Vryburg en die Inligtingsdae en kursusse gaan sien.

Braunvieh groete
Kobus Bezuidenhout